SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 25 OKTOBER 2020

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____
(jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE KONSEP 2021 SARL BLOU BOEK SLUITINGSDATUM 31 OKTOBER

DIE NOVEMBER 2020 RADIO ZS

en

INLIGTING OOR HF BAKENS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

## DIE KONSEP 2021 SARL BLOU BOEK SLUITINGSDATUM 31 OKTOBER

Het jy 'n eksemplaar van die Konsep 2021 Blou Boek van die Liga-webwerf afgelaai? Daar is 'n skakel op die voorblad. Lees die MS Word-dokumente. Op bladsy 1 vind jy die riglyne. Die dokument is verdeel in die Algemene reëls, BHF kompetisies, die Naellope en die HF kompetisies. Jou kommentaar en voorstelle oor die reëls, lengte van 'n kompetisie, begin- en eindtye, ens., moet teen Vrydag 30 Oktober 2020 aan contest@sarl.org.za gestuur word. Die reaksie tot dusver is baie swak.

Let daarop dat die 2 200, 630, 60, 30, 17 en 12 meter bande kompetisie vry is, maar niks keer jou en jou klub om 'n Aktiwiteitsdag te reël nie, bv. 'n 60 m Ruit Vierkant Aktiwiteitsdag en reik dan 'n sertifikaat aan die deelnemers uit.

## NIEU-SEELAND 5 MHZ AMATEUR BAND GEBRUIK EINDIG

Don Wallace, ZL2TLL, die NZART administrasie skakelbeampte sê dat NZART, die Nieu-Seelandse Nasionale Amateur Vereniging ingelig is dat die Nieu-Seelandse Weermag (NZDF) ongelukkig nie bereid is om nog 'n hernuwing van die toekenning/lisensie vir 5 MHz-proewe goed te keur nie. As

gevolg hiervan is alle gebruik deur Nieu-Seelandse amateurs van die twee proef frekwensies op 5 MHz, 5 353,0 kHz en 5 362,0 kHz vanaf middernag (23:59) op Saterdag 24 Oktober 2020 gestaak. Alhoewel die proef tydperk verby is (en alle uitsendings op die proef frekwensies moet staak), sal NZART voortgaan om met RSM (die reguleerder) te werk om te kyk of daar ander maniere is om Nieu-Seelandse amateurs toegang tot 5 MHz-frekwensies te bied.

**DIE NOVEMBER 2020 RADIO ZS**

Die November 2020 uitgawe van Radio ZS sal vanaf Woensdag 28 Oktober beskikbaar wees. In hierdie uitgawe word gekyk na aanlyn-eksamens, die IARU Streek 1 Virtuele Algemene Konferensie en die vind en hou van jonger radio amateurs. Dan is daar 'n verskeidenheid gekoppelde dipole om van te kies, ook 'n breëband-hexbeam vir 30 en 40 m en 'n 4-transistor GG-sleutel. En meer in hierdie uitgawe.

Jy luister na  nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

**INLIGTING OOR HF BAKENS**

Dennis, ZS4BS  die Streek 1 HF Baken koördineerder hou 'n lys van aktiewe HF-bakens regoor die wêreld. Dennis is bewus van 'n aantal HF-bakens wat aktief is in Suid-Afrika wat nie in sy lys voorkom nie. Die volgende inligting word  benodig - die baken frekwensie, roepsein, QTH en ruit vierkant, ERPw, die tipe antenna en rigting, die modus en ure van gebruik. Dit kan gestuur word aan zs4bs@iaru-r1.org.

**KOMPETISIE NUUS**

Vier logstate is ontvang vir die Lente QRP kompetisie wat op Saterdag 10 Oktober gehou is.

1ste Danie Schnetler, ZS6DPS - 52 punte
2de Theuns Potgieter, ZS2EC - 40 punte
3de Dienie Schnetler, ZS6DNI - 27 punte
4de Johannes van Zijl, ZS4DZ - 12 punte

Die gesamentlike uitslae van die 4 QRP-kompetisies
1ste Danie Schnetler, ZS6DPS - 311 punte
2de die Wes-Randse LNR, ZS6WR - 246 punte
3de Dienie Schnetler, ZS6DNI - 192 punte

Uitslae is ontvang vir die SARL 80 m QSO Partytjie, maar daar is 'n navraag oor 'n ontbrekende logstaat so die uitslae sal later gepubliseer word.

**KLUB NUUS**

Die Pretoria Amateur Radioklub, hou hul volgende snuffelmark op Saterdag 31 Oktober 2020 by die Pretoria Ou Motorklub in Keuningstraat, Silverton. Die hekke sal om 09:00 vir verkopers open en 10:00 vir die res. Om 'n tafel te bespreek, kontak asseblief vir Almero du Pisani, ZS6LDP op mobiel 083 938 8955 of stuur 'n e-pos aan almero.dupisani@up.ac.za. Almal is welkom.

**HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING**

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar 'n enkele sonvlek met 'n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Daar word nie ernstige sonfakkels voorspel nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van twee vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

**Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:**

Vandag tot middernag UTC - die CQ WW DX ESB kompetisie
31 Oktober – die Pretoria ARK snuffelmark en die SARL 95 40 m Klub Naelloop
07 November - die RaDAR Uitdaging
14 November - die Overberg ARK-jaareindfunksie
14 en 15 November - die SARL BHF/UHF-analoog kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Het jy 'n eksemplaar van die Konsep 2021 Blou Boek van die Liga-webwerf afgelaai? Daar is 'n skakel op die voorblad. Jou kommentaar en voorstelle oor die reëls, lengte van 'n kompetisie, begin- en eindtye, ens., moet teen Vrydag 30 Oktober 2020 aan contest@sarl.org.za gestuur word.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein

rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruin, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.